



UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY  
jou kennisvenoot • your knowledge partner

## **REGLEMENT VAN DIE STRATEGIESE FONDS**

### **1. Doel**

Die doel van die Strategiese Fonds is om strategiese inisiatiewe van omgewings te ondersteun, met die klem op inisiatiewe wat nie via die normale befondsingsmeganismes bekostig kan word nie. As sulks vervul die fonds die rol van ‘voorsiener van aanvangskapitaal’ met in uitsonderlike gevalle ook die aanvullende rol van ‘voorsiener van oorbruggingskapitaal’ – laasgenoemde vir baie beperkte tydperke totdat bv. inkomstestrome voortvloeiend uit bv. subsidie en studiegelde, in omgewings realiseer.

Die Strategiese Fonds konsentreer uitsluitlik op inisiatiewe wat direk belynd is met die visie, missie en strategiese prioriteite van die universiteit. Die toekenning van fondse geskied ten opsigte van elk van die vyf elemente van Visie 2012. Die aansoeker moet duidelik aantoon hoe en watter elemente van die vyf-punt visiestelling ondersteun word.

Behalwe in hoogs uitsonderlike gevalle, is dit nie die bedoeling om normale bedryfsuitgawes van omgewings in enige vorm uit die Strategiese Fonds te finansier nie.

### **2. Aansoekprosedure**

Aansoeke vir ondersteuning uit die Strategiese Fonds kan spruit uit beide die akademiese en nie-akademiese omgewings, maar in alle gevalle is die roete via die onderskeie VS-hoofde wat skriftelik hulle ondersteuning van die betrokke aansoek moet bevestig.

Die Strategiese Fonds oorweeg twee maal per jaar (Maart/April en September/Oktobor) aansoeke vir moontlike befondsing. Laasgenoemde datum maak dit moontlik om strategiese inisiatiewe wat saam met begrotings vir die volgende jaar ingedien word, te oorweeg. Daar sal vooraf van die datums kennis gegee word asook van die totale beskikbare bedrag. Alle aansoeke, skriftelik ondersteun en gemotiveer deur die betrokke VS-hoof, word teen die volgende datums ingedien:

- Vir oorweging gedurende Maart/April van elke jaar – einde Februarie

- Vir oorweging gedurende September/Okttober van elke jaar – einde Augustus

Alle aansoeke, volgens die voorgeskrewe formaat (sien par. 3), word ingedien by die Hoofdirekteur: Finansies. Wanneer die aansoeke dien, word hulle vergesel van aanbevelings deur die Hoofdirekteur: Finansies en Strategiese Inisiatiewe.

### 3. Voorgeskrewe Formaat

Behalwe wanneer daar vooraf, gesien die aard en omvang van 'n bepaalde projek, anders met die Hoofdirekteur: Finansies ooreengekom word, moet alle aansoeke in 'n projekformaat wees wat tipies die volgende elemente dek:

- (a) Die naam van die betrokke inisiatief.
- (b) 'n Kort bestuursopsomming (maksimum twee bladsye) wat die volgende uiteensit:
  - (i) die motivering vir die beplande inisiatief;
  - (ii) die wyse waarop die inisiatief die vyf-punt visiestelling en ooreengekome strategiese prioriteite en meetbare doelwitte van die universiteit sal bevorder;
  - (iii) hoe beskikbare fondse van die betrokke omgewing vir die inisiatief aangewend gaan word; en
  - (iv) die ondersteuning wat van die Strategiese Fonds verlang word, met inagneming van die riglyn dat maksimum 30% van die beskikbare fondse vir jaar x, vir jaar x+1 toegeken kan word en 15% vir jaar x+2 en geen toekennings word oorweeg vir langer as drie jaar nie.
- (c) 'n Deeglike lewensvatbaarheidstudie wat fokus op:
  - (i) markrealiteite
  - (ii) tegnologie ter sprake (indien nodig)
  - (iii) menslike hulpbronnevereiste
  - (iv) die finansiële lewensvatbaarheid (wat by wyse van bylaes, ondersteun moet wees met geprojekteerde state van inkomstestrome en uitgawes en wat duidelik aantoon hoe en wanneer die finansiële verpligtinge as deel van die hoofstroom aktiwiteite van die betrokke omgewing, via die normale befondsing-meganismes, inkorporeer sal word).
- (d) 'n Projekplan met meetbare doelwitte, tydsgebonde aksies en toegedeelde verantwoordelikhede/aanspreeklikhede wat duidelik aantoon hoe die beplande inisiatief bestuur sal word.
- (e) 'n Aanduiding van die sleutel risiko's waaraan die betrokke inisiatief blootgestel is, met gepaardgaande gebeurlikheidsbeplanning om daarmee te kan handel.

### 4. Die komitee wat aansoeke oorweeg

Die Rektor se Bestuurspan, met die Rektor wat sy besluitnemings- bevoegdheid kan uitoefen selfs onafhanklik van die advies van die komitee.

## **5. Terugbetalings aan Strategiese Fonds**

Na gelang van die aard van elke spesifieke aansoek, besluit die komitee, per individuele goedgekeurde aansoek, of:

- die toekenning ten volle van die betrokke omgewing verhaal sal word
- gedeeltelik terugbetaal sal word
- as 'waagkapitaal' toegestaan word.

## **6. Vorderingsverslae**

Dit mag nodig wees om die vordering van goedgekeurde aansoeke (nou projekte) te monitor. Dit word geval vir geval besluit en by goedkeuring so aangetoon. Projekleiers sal dan van tyd-tot-tyd (soos ooreengekom) bondige vorderingsverslae moet verskaf.

**Soos goedgekeur in oorleg met die lede van die Algemene Bestuurdersvergadering op 13 November 2003 en gewysig deur die Beheerkomitee van die Strategiese Fonds op 7 Oktober 2008.**